

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:8, 11 (26:8, 11)

- 8 Jy mag nie doodslaan, jou nie wreek nie, / maar liefde moet jou steunsel wees.
Jy mag die heil'ge eg nie breek nie, / maar, kuis van hart, die HERE vrees.
- 11 Ons het, o HEER, u wet weerstrew, / genade is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 118:7, 8 (p. 577)

- 7 Dit is die HEER wat my gesterk het. / Hy is my lied, my psalmgesang;
Hy was dit wat my heil bewerk het, / dus loof ek Hom my lewe lang.
Ek hoor alom die blye galme / van vromes na die lydensnag;
hul tent weerklink van dankb're psalme: / Gods regterhand doen grote krag.
- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Gebed

Psalm 5:1, 4, 5 (p. 18)

- 1 O HEER, neem my gebed ter ore! / Kan ek die klare woord nie spreek –
U weet wat in my woel en smEEK; / my sugte, as spraak nog ongebore, / is nie verlore.
- 4 O God, wat groot is van vermoë, / wat woon in smettelose lig,
U sal die goddeloosheid rig; / U kan die sondaar voor u oë / geensins gedoë.
- 5 U, HEER, verdelg die leuenspreker. / Hy wat sy hand met bloed beplek
en gruwels met bedrog bedek – / hy terg, as snode wetverbreker, / die hoogste Wreker.

Skriflesing: Eksodus 20:1-21

Kernverse: Eksodus 20:13

Jy mag nie doodslaan nie.
(Eksodus 20:13 AFR53)

Tema: Omdat die mens beeld van God is, is daar 'n heiligheid aan alle mense

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, vanaand kom ons by een van die gebooie waarvan baie mense ewe rustig en kalm sal sê: Ek het nog nooit hierdie gebod oortree nie. Wel, as ons op die letter van die gebod moet gaan, is daar inderdaad niemand van ons wat met bloed aan ons hande sit nie. Niemand van ons het al iemand vermoor nie. Ons moet egter nie nou sommer vinnig die afleiding maak dat hierdie gebod dan glad nie op ons van toepassing is nie.

Moord is nie net vir gelowiges 'n gruwelike misdaad nie. In alle samelewings word moord as 'n misdaad beskou wat gestraf moet word. Selfs onder die Egiptenaars wat afgode gedien het, was moord 'n strafbare misdaad. Daarom het Moses uit Egipte gevlug toe hy gehoor het dat ander mense weet dat hy die Egiptiese slawedrywer doodgeslaan het. Wat Moses en Israel in die sesde gebod gehoor het, was dus nie vir hulle iets nuuts nie.

Wanneer God egter die verbod teen hierdie misdaad in sy Tien Gebooe opneem, maak Hy daarvan 'n ewige beginsel wat vir elke mens op die aarde geld. Dat hierdie beginsel in die sesde gebod vir alle mense op aarde geld, word ook deur Calvyn verwoord wanneer hy sê wat die doel van die sesde gebod is: Die welsyn van alle mense word aan elke mens opgedra omdat die Here die mensdom in 'n bepaalde eenheid saamgesnoer het.

Alhoewel hierdie gebod 'n beginsel is wat oor die hele wêreld geld, het dit tog gebeur dat daar dwarsoor die wêreld 'n verwronge begrip van hierdie beginsel gekom het. Alle mense stem saam dat die lewe van 'n mens beskerm en bewaar moet word. Maar in die verbruikerskultuur waarin die mensdom gevange geraak het, is die lewe van 'n mens slegs van waarde as hy 'n ekonomiese bydrae kan lewer vir 'n geldhonger wêreld. Ongewenste swangerskappe is 'n stok in die speke vir 'n wêreld wat voortstroom na nog meer rykdom en gemak. Daarom word aborsie op aanvraag goedgepraat. Ouer mense wat nie die pas kan volhou in die ekonomies gedrewe wêreld nie word uitgerangeer om plek te maak vir die jonger en fikser geslag. En uiteindelik word daar al hoe meer oor genadedood gepraat om van die ouer geslag ontslae te raak omdat hulle 'n ekonomiese las sou word.

Daar is egter ook mense wat dade soos aborsie teenstaan en met verloop van tyd heeltemal na die ander uiterste toe oorgegaan het. Hulle het so pro lewe geword dat hulle selfs die doodstraf, selfverdediging en oorlog teenstaan. Hulle pro lewe-argumente het so absurd geword dat daar van hulle is wat selfs die lewens van diere onder hierdie beginsel van die sesde gebod wil intrek.

Dit is oor hierdie verwronge begrip en absurde gedagtes aangaande die beginsel van die sesde gebod dat dit nodig is om weer by die Here stil te raak en by Hom te leer wat Hy bedoel wanneer Hy sê: **Jy mag nie doodslaan nie** (Eksodus 20:13 AFR53). Laat ons daarom aandagtig luister om agter te kom wat hierdie woorde nie beteken nie en wat dit wel beteken.

Broers, susters en kinders, die vertaling van hierdie gebod in albei ons Afrikaanse vertalings het tekortkomings. In die 1933/53-vertaling staan geskryf: **Jy mag nie doodslaan nie** (Eksodus 20:13 AFR53). Hierdie vertaling laat die moontlikheid oop om te verstaan dat enige vorm van doodmaak verbied word. Daarom kan diegene wat teen oorlog en selfverdediging in die algemeen gekant is, vir hulleself 'n argument uit hierdie vertaling saamstel. In die 1983-vertaling staan geskryf: **Jy mag nie moord pleeg nie** (Eksodus 20:13 AFR83). Hierdie vertaling beperk die verstaansmoontlikheid tot net een soort doodmaak. Volgens hierdie vertaling word net die doodmaak van iemand verbied as dit met voorbedagte rade gedoen word. Daarom kan diegene wat aborsie en genade-dood voorstaan met 'n akrobatiese verklaring seker vir hulle uit hierdie vertaling 'n argument opbou.

Die Hebreeuse woord wat die Here in hierdie gebod gebruik, word egter nooit gebruik wanneer daar van oorlog gepraat word nie. Hierdie woord word ook nie gebruik om die doodstraf of selfverdediging te beskryf nie. Dié woord word ook nie gebruik wanneer God of 'n engel 'n mens se lewe neem nie. Hierdie woord word altyd gebruik wanneer iemand die dood van iemand vooraf beplan en hom uiteindelik doodmaak of laat doodmaak. Dié woord word ook gebruik wanneer daar van verskillende soorte manslag gepraat word. Dus kan hierdie Hebreeuse woord vertaal word met *wederregtelike doodmaak*. In die sesde gebod sal dit dan so klink: *Jy mag nie wederregtelik doodmaak nie*.

Wanneer 'n mens die sesde gebod so verstaan, dan verstaan 'n mens hoekom 'n oorlog nie deur hierdie gebod verbied kan word nie. Wanneer die Here uiteindelik sy volk in die beloofde land inbring, gee Hy aan hulle die opdrag om die heidene uit die land uit te verdryf deur middel van oorlog.

Wanneer 'n mens begryp dat die Here in die sesde gebod wederregtelike doodmaak verbied, begryp 'n mens ook dat doodstraf nie hierby ingesluit is nie. Die Here sê uitdruklik net in die volgende hoofstuk, sowel as in Numeri, dat iemand wat moord gepleeg het en iemand wat 'n ander een onopsetlik doodgemaak het, met die dood gestraf moet word (Eks 21:12; Num 35:9-34). En in Romeine 13:4 hoor ons dat die Here aan die owerheid die gesag gee om die kwaaddoener te straf. Ons God weerspreek Homself nooit nie. Daarom is hierdie gebod nie in stryd met die uitsprake oor oorlog en doodstraf waarna daar nou net verwys is nie. Hierdie gebod verbied ook nie selfverdediging nie, want die owerheid het die swaard nie net om die kwaaddoener te straf nie, maar ook om die burgers in die land te beskerm.

By die tweede, derde, vierde en vyfde gebod het die Here telkens 'n uitbreiding gegee en dit het dit vir ons makliker gemaak om die rede vir die gebod te verstaan. By die sesde tot tiende gebod het die Here nie sulke uitbreidings gegee nie. Dit beteken egter nie dat daar nie 'n besondere rede vir hierdie gebooie is nie. Daar is, en die Heilige Gees lei ons om binne die konteks van die Tien Gebooie sowel as binne die konteks van die res van die Skrif die rede raak te sien.

In die lig van die Skrif is die volgende die vernaamste redes waarom die mens nie weder-regtelik doodgemaak mag word nie maar sy lewe beskerm moet word:

Dit is God se reg om lewe te gee en te neem.

God het die mens geskep en hom 'n lewende siel gemaak. Wat God gemaak het, mag niemand ongedaan maak nie. Dit beteken dan as God aan 'n mens die lewe gee, het niemand anders die reg om die lewe van daardie mens weg te neem nie behalwe God alleen (Ps 104:29-30). Ons tye is immers in die hand van die Here. Hy bepaal die dag van elke mens se geboorte en Hy stel elkeen se sterfdatum vas. So hoor ons dit in Psalm 31 en 139.

Die enigste keer wanneer 'n mens 'n ander mens se lewe mag neem, is wanneer die Here self die bevel gee. Die Here het hierdie bevel as oordeel gegee oor die moordenaar:

Hy wat 'n mens slaan, dat hy sterwe, moet sekerlik gedood word.

(Eksodus 21:12 AFR53).

En Hy het hierdie bevel gegee as oordeel oor die Amalekiete, onder andere:

Gaan nou en verslaan Amalek, en julle moet met die banvloek tref alles wat hy het; en jy mag hom nie verskoon nie, maar jy moet om die lewe bring man sowel as vrou, kind en suigling, bees en kleinvee, kameel en esel.

(1 Samuel 15:3 AFR53)

Die mens is die beeld van God

God het die mens op 'n besondere wyse geskep. Wat die diere betref het God net gesê die aarde moet lewende wesens voortbring en dit het so gebeur. Maar wanneer die Heilige Gees ons vertel hoe God die mens geskape het, sê Hy dat God die mens uit die stof van die aarde geformeer het en in sy neus die asem van die lewe geblaas het (Gen 2:7). So het God dan die mens as beeld van Hom geskep.

As beeld van God is die mens 'n weerkaatsing van God wat betref sy eienskappe. God het immers die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskep. Dit is eienskappe wat eie aan God self is. Maar nog meer, die mens is God se verteenwoordiger wat God moet dien en sy belange op die aarde moet behartig. Die mens is immers aangestel om oor die hele skepping te heers en dit op te pas.

Wie dus 'n mens wederregtelik doodmaak, maak God se verteenwoordiger dood. 'n Moordenaar wil dus met sy misdaad vir God self voor sy oë wegneem deur God se verteenwoordiger dood te maak. Sodoende is die moordenaar direk teen God in opstand en wil hy verhoed dat God se belange op die aarde behartig word.

Ons God is immers die enigste lewende God en Hy is die God van lewendes – nie van dooies nie. So sê Jesus dit self wanneer die Sadduseërs met Hom oor die opstanding wil redeneer (Matt 22:23-33). Wie dus 'n mens doodmaak, wil nie hê dat God se beeld vertoon moet word nie en in sy hart wens hy God dood.

Dit is na aanleiding van hierdie rede vir die sesde gebod dat Calvyn opmerk: As ons die beeld van God nie wil skend nie, moet ons ons naaste as heilig beskou.

Die liefdesgebod eis dit

Die twee groot gebooue wat die hele wet en die profete saamvat, is dat ons God en ons naaste moet liefhê (Matt 22:37-40). Wie God liefhet, sal Hom gehoorsaam en nie teen Hom in opstand kom deur 'n ander mens se lewe wederregtelik te neem nie. Wie sy naaste liefhet soos wat hy homself liefhet, sal sy naaste ook gun wat hy mag geniet – in hierdie geval die lewe. Wie egter sy naaste wederregtelik doodmaak, stroop homself van alle menslikheid omdat hy nie sy naaste liefhet soos homself nie.

Die mens moet lewe om God te eer

God het die mens in ware geregtigheid en heiligheid geskep sodat die mens Hom kan loof en dien met alles wat hy is en het. In baie psalms word die lewe van die mens en die diens en lof aan die Here ten nouste met mekaar verbind (vgl. Ps 30, 71 en 118). Die gelowige word immers deur die Heilige Gees oortuig dat hy lewe om God te dien en daarom het die gelowige ook die gewilligheid en bereidheid om vir die Here te lewe.

Hieruit kan ons dan ook aflei dat dit nie die Here se wil is dat die mens maar net asemhaal en bestaan nie, want dit is nog nie regte lewe nie. Regte lewe is eers wanneer die mens uit die dood van die sonde opgewek is deur die krag van Christus se opstanding en sy lewe in Christus self vind. Slegs hulle wat in Christus glo, kan God dan loof en dien soos wat Hy dit verwag.

Wie dan 'n ander mens wederregtelik doodmaak, verhinder die mens om God te dien en berooft God van sy diensknegte.

Die mense wat 'n wettiese godsdienst handhaaf en met hulle gehoorsaamheid aan die gebooue van die Here probeer om hulleself te verlos, soos wat die Fariseërs gedoen het, sal na alles wat hulle tot dusver gehoor het, nog steeds sê dat hulle nog nooit hierdie gebod oortree het nie. Daarom is die sesde gebod nie op hulle van toepassing nie.

As ons nie soos Fariseërs wil lewe nie, moet ons ag gee op Jesus se woorde in Matteus 5:

Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oervloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie. (Matteus 5:20 AFR53)

En wanneer 'n mens hierdie woorde van Jesus lees saam met die verduideliking van die sesde gebod wat Hy gee (Matt 5:21-22), besef 'n mens dat ons God oor meer as net die daad van die misdaad hier praat.

Ons God is immers die ondersoeker van die mens se hart. En in watter mens se hart is daar nie haat en woede en afguns wat ook moord gepleeg het nie. Dit is wel die mens se hande wat die moord pleeg, maar dit is sy gemoed wat die moord beplan wanneer dit met toorn en haat besmet is. 'n Mens kan jou nie vir jou naaste vererg sonder om van begeerte te brand om hom skade aan te doen nie. As daar nie toorn is nie, is daar ook nie haat nie, want haat is niks anders as toorn wat oud geword het nie. Die eerste oortreding van die sesde gebod is dus nie eers die daad van moord nie. Die eerste oortreding is die gedagtes en gemoed wat met toorn en haat besmet is.

Ons mense sal dit nie graag wil erken nie en ons sal ons eerder wil regverdig oor ons kwaad wees vir iemand anders. Maar as ons eerlik is met onself sal ons tog moet erken dat in 'n hart waar daar toorn en haat is, daar ook 'n kwaadwillige gesindheid is. Ons kan ons maar probeer regverdig soos wat ons wil. Die Heilige Gees sê dit eenvoudig en duidelik:

Elkeen wat sy broeder haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe as iets blywends in hom het nie. (1 Johannes 3:15 AFR53)

Daardie wrok wat ek heimlik in my hart rondra sonder dat ander mense daarvan weet, maak dus van my 'n moordenaar in die oë van die Here. En hoeveel keer het ek en jy iemand anders al iets vernederend en afbrekend toegesnou? Ag, ons kan nie eers al die kere onthou nie. Jesus sê dat as ek iemand uitskel, is ek strafbaar met die helse vuur (Matt 5:22). En ons almal wat so graag weer die doodstraf wil terughê in ons regstelsel, om watter rede wil ons dit terughê? As ons die doodstraf wil terughê omdat ons daardie misdadiger dood wil sien, moet ons weer onself ondersoek en vasstel watter gesindheid daar in ons hart is teenoor daardie misdadiger wat ook beeld van God is. As dit 'n gesindheid van wraak is, is ons in die oë van die Here nie werklik beter as daardie misdadiger nie.

Selfs vir sy volk wat hardnekkig hulle teen die Here verset het en wat daarop uit was om Hom te tart, het Hy toe hulle al reeds in die ballingskap was ,gesê:

Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here HERE. Bekeer julle dan en lewe. (Esegiël 18:32 AFR53)

Die Here kry nie lekker wanneer 'n sondaar weens sy sonde uiteindelik sterf nie. Sy begeerte is dat die mens hom sal bekeer en bly lewe.

Mag die Heilige Gees ook hierdie aspek van God se karakter in elkeen van sy kinders laat groei en toeneem. Aangesien ons bely dat ons kinders van God die Vader is omdat Christus ons skuld betaal het, moet ons bid dat die Heilige Gees ook hierdie begeerte in ons hart sal werk. Dit moet ons begeerte wees om die lewe van ons naaste na ons vermoë te beskerm en te bewaar – nie sodat hy maar net asemhaal en bestaan nie – maar dat hy regtig sal lewe omdat hy ook in Christus glo.

Ons weet dat moord een van die misdade is wat die Here vergewe vir die een wat by Hom opreg smeek om vergifnis. Hy het vir Dawid en vir Paulus hierdie misdade vergewe. Omdat die Here se genade so groot is, mag ek en jy ook op grond van Christus se soenoffer by die Here smeek om vergifnis vir al die moorde wat ons al in ons gedagtes en met ons woorde gepleeg het. En aangesien ons reeds hierdie gebod gedeeltelik

gehoorsaam – niemand van ons het al iemand doodgemaak nie – kom ons smeeek dat die Heilige Gees ons nog meer gewillig en bereid sal maak om vir die Here te lewe deur ook ons woord en gedagtes in lyn te kry met die wil van God in hierdie verband.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-4:4, 5 (21:4, 5)

- 4 Lankmoedig is die liefde in pyn / en vriend'lik waar sy ook verskyn.
Afgunstig is die liefde nooit, / of opgeblase of hoog van spraak;
niks wat hier onwelvoeglik maak, / kleef aan die daad van liefde ooit.
- 5 Sy soek haar eie voordeel nooit, / niks maak haar hart verbitterd ooit,
en sy vergeld geen kwaad met kwaad. / Geen ongeregtheid wil sy,
maar net die waarheid maak haar bly – / die waarheidsklank van woord en daad.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;

Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;

Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
24 November 2013